

GEMEENTE. SUPPLEMENT 10

[KERK OPBOUENDE BEDIENING] FEITE VERSAMEL VIR ADVISERING

Inleiding. Voordat 'n Christen aan 'n ander advies/raad kan gee, moet hy eers goed leer om waar te neem, te luister en vrae te stel. Eers nadat hy voldoende feite versamel het, sal hy in staat wees om goeie raad te gee en om iemand anders te help om 'n goeie besluit te neem.

Die boek Spreuke bevat die volgende wyse waarhede met betrekking tot waarneming, luister en vrae stel:

1. Leer om mense waar te neem.

Ontdek en bespreek. Hoe kan dinge wat jy waarneem (sien) jou help om feite te versamel met die oog op advies gee?

(1) Neem die lewensstyl en gedrag van mense waar.

Lees Spreuke 24:30-34. Dit sê: “Ek het by 'n lui mens se land verbygestap, by 'n onverstandige mens se wingerd: dit was heeltemal oortrek van die onkruid, toegegroei onder die bossies, en die klipmuur was omgeval. Toe ek dit sien, het ek daarvoor nagedink en daar iets uit geleer: nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou om te slaap, en daar kom jou armoede aangestap, daar oorval die gebrek jou soos 'n inbreker, sonder dat jy dit kan keer.” Deur goed op te let hoe ander mense leef (werk of nie werk nie), leer jy lesse uit wat jy waarneem. Byvoorbeeld, deur te let op die lewe van 'n luiaard, leer jy waarom hy arm geword het.

(2) Neem die toestand/welsyn (die kondisie) van mense waar.

Lees Spreuke 27:23. Dit sê: “Sorg dat jy weet wat jou kleinvee nodig het, gee aandag aan jou veetroppe.” Let voortdurend op die toestand/welsyn (kondisie) van die mense wat aan jou sorg toevertrou is (d.i. jou ‘skape’). Let op hulle fisiese, emosionele, sosiale en geestelike toestand. Stel aan jouself vrae soos die volgende:

- “Hoe raak sy siekte hom en sy gesin?”
- “Waarom het hy 'n emosionele ineenstorting (burnout) gekry?”
- “Waarom vind mense dit moeilik om met hom as persoon om te gaan?”
- “Waarom bly hy weg van die byeenkomste van die gemeente?”

Deur aandag te gee aan die toestand van mense wat aan jou sorg toevertrou is, is jy beter in staat om hulle te adviseer of te help.

(3) Neem die nie-verbale kommunikasie van mense waar.

Lees Markus 3:4-5.

Nie-verbale kommunikasie dui op gevoelens en houdings wat sonder woorde gekommunikeer word.

- Let op die uitdrukkings op sy gesig. Dikwels reageer mense met verskillende gesigsuitdrukkings en liggaamlike gedrag (lyftaal - body language) op spesifieke gebeurtenisse: Miskien druk sy gesig woede, haat, opstandigheid, weerstand, vrees, ang, skok, besorgdheid, onsekerheid, depressie, spanning/stres, onenigheid, verbasing, vreugde, ens. uit.
- Let op die bewegings van sy hande, skouers en voete.
- Hoe sit, staan of loop hy?
- Hoe tree hy op en hoe reageer hy in verskillende omstandighede?
- Ook die toonhoogte van sy stem kan verskillende gevoelens, emosies en houdings uitdruk.
- Miskien kyk hy na die grond, of beweeg sy oë van links na regs.
- Stand van die skouers kan onverskilligheid of onkunde uitdruk.
- Hande kan senuweeagtigheid of intensiteit uitdruk.
- Soms lyk dit asof hy met sy liggaam iewers aan 'n klerehanger opgehang is.
- Af en toe ruik jy sweet wat veroorsaak is deur vrees of senuweeagtigheid.
- Sy gedrag kan onverskilligheid, roekeloosheid, onwilligheid of besorgdheid uitdruk.
- Sy dade of gebrek aan dade kan sy aanvaarding of verwerping kommunikeer.

Die doel met die waarneming van non-verbale kommunikasie. Jy mag nooit die kommunikasie sonder woorde van die ander gebruik om hom te oordeel (beoordeel) nie. Jou gevolgtrekking kan verkeerd wees. Sy non-verbale kommunikasie sou jou moet aanspoor om geskikte vrae te stel en uit te vind of bepaalde gevoelens, emosies of houdings aanwesig is.

Die doel van die gebruik van non-verbale kommunikasie. Maak seker dat jou eie non-verbale kommunikasie die ander nooit verwar of onseker maak oor enigiets nie. Dit moet juis die ander persoon help en aanmoedig om openlik met jou te praat. Die honderde spiertjies in jou gesig kan trots, vooroordeel, verwerping, afkeuring, ens. kommunikeer. Moenie enige non-verbale kommunikasie vir jou eie doel gebruik nie.

2. Leer om na mense te luister.

Ontdek en bespreek. Hoe kan dinge wat jy hoor jou help om feite te versamel met die oog op die gee van raad?

(1) Luister met die doel om te verstaan/begryp.

Lees Spreuke 13:15; 27:25. Die Woord sê: “Iemand wat goeie insig het, geniet goedgesindheid.” Hoe beter jy luister, hoe meer insig kry jy. Hoe beter jy luister, des te meer kry die ander persoon die gevoel dat jy alles wil hoor wat hy te sê het. Hoe beter jy luister, hoe meer wys jy vir die ander persoon dat jy hom ernstig opneem, dat jy probeer om te begryp en te aanvaar.

Daar is ’n verskil tussen hoor wat die ander persoon sê en begryp wat hy wil sê (en daardeur insig kry in sy onderliggende probleem). ’n Persoon kan sy woorde goed kies om sy werklike probleem weg te steek, omdat hy bang is of omdat hy ’n verborge motief het. Die doel met goed luister is om te begryp wat die ander persoon probeer sê of om insig te kry in sy situasie of onderliggende probleem.

(2) Luister voordat jy praat.

Lees Spreuke 18:13,15. Hier staan: “Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in die skande”, en “’n Mens met insig doen kennis op; wyse mense hou hulle ore oop vir kennis.” Jy behoort geen raad/advies te gee alvorens jy goed geluister het nie. Luister eers goed na wat die ander te sê het, probeer die hoofsaak waaroor dit gaan te onderskei en kry insig in wat daar werklik aan die gang is. Luister voordat jy praat!

(3) Luister na altwee kante van ’n saak.

Lees Spreuke 18:17. Hier staan: “Iemand wat in ’n regsak eerste praat, is altyd onskuldig, maar dan kom iemand anders en ondervra hom.” As daar ’n konflik is of ’n verskil van mening bestaan, dan is dit dwaas om net na één van die betrokke partye te luister. Sy weergawe van die saak kan eensydig, oordrewe of selfs verdraaid wees. Om nie na die ander kant van die saak te luister nie, sou onbillik wees teenoor die ander party. Deur na beide kante van die saak (konflik) te luister, verkry jy die meeste feite, bring dit vir jou die saak in perspektief en bly jy billik in jou raad/advies. Luister dus goed.

(4) Luister, maar moenie alles glo wat jy hoor nie.

Lees Spreuke 14:15. Dit sê: “Wie ervaring kortkom, glo alles wat gesê word; ’n verstandige mens oorweeg elke tree wat hy gee.”

In ’n konflik tussen twee mense word daar dikwels geskinder. Dit is dwaas om enigiets te glo op hoor-sê of waarneming. Moet nooit luister na kwaadpraterie nie, maar praat met beide partye en stel vrae. Laat beide partye hulle kant van die saak so duidelik moontlik stel.

Dit is ook dwaas om ’n mening te vorm van die motiewe van die ander net op grond van ’n paar bekende feite. Luister baie, neem baie waar en stel genoeg vrae, sodat jy soveel moontlik feite weet alvorens jy advies gee.

3. Leer om vrae te stel.

Inleiding. Soms het mense baie moeite om hulle gedagtes, motiewe en pynlike ervarings uit te spreek. Leer vrae stel wat die ander persoon help om dit wat op sy hart is, met jou te deel.

Ontdek en bespreek. Hoe kan vrae jou help om feite te versamel met die oog op advisering?

Aantekeninge.

(1) Stel vrae met die doel om feite te versamel.

Lees Spreuke 25:2. Dit sê: “... konings se eer lê in wat hulle aan die lig bring.” Bly vrae stel totdat jy (al) die feite het en die faktore verstaan voordat jy advies gee.

(2) Stel teenvrae met die doel om moontlike onopregtheid aan die lig te bring.

Lees Matteus 21:24. Jesus antwoord en sê teenoor hulle: “Ek gaan julle een ding vra, en as julle My daarop antwoord, sal Ek vir julle sê met watter gesag Ek hierdie dinge doen.” Soms is die beste benadering om die vraag van die ander met ’n teenvraag te beantwoord. Jesus het dit gedoen omdat Hy geweet het dat hulle Hom in sy woorde wil probeer vang. Hy het geweet wat in hulle harte aangaan en daarom het Hy ’n teenvraag gestel om hulle in hulle eie strik te vang. Hy het hulle gedwing om ’n antwoord te gee sodat hulle huigelry blootgelê sou word. Leer om teenvrae te stel.

(3) Stel vrae om die ander persoon aan die dink te sit.

Lees Lukas 10:26-28. Jesus het gesê: “Wat staan in die wet van Moses (die Bybel) geskrywe? Wat lees jy daar?” Dis altyd ’n versoeking om self ’n antwoord te gee, eerder as om die ander te help om self na te dink en ’n antwoord te vind op sy vraag! Jesus het die ander persoon uitgedaag om self te ontdek wat daar in die Bybel oor sy vraag geskryf staan. Hy daag mense uit om die Bybel self te gebruik, self antwoorde in die Bybel te vind en sodoende self tot ’n verantwoorde oortuiging te kom. God se Woord is altyd meer oortuigend as jou beste advies! Help ander dus steeds om hulle eie antwoorde in die Bybel te vind, om self die waarheid in die Bybel te ontdek en so sy eie oortuigings op te bou. Die waarheid wat hyself in die Bybel ontdek, sal hy beter begryp en ook langer onthou!

4. Leer om wysheid te bekom deur die Bybel te lees en te bestudeer.

Onderrig. Wat leer die Bybel oor God se soewereiniteit en die openbaring van God se wil?

'n Christen glo dat God soewerein in sy skepping is en dat God 'n plan met sy skepping, vir alle mense en vir alle gebeurtenisse, het. Maar God het nie sy plan m.b.t. die heelal of m.b.t. die geskiedenis van die mensdom geopenbaar nie. Jesaja 55:9 het gesê: “Soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.” Daar is baie dinge wat God nie geopenbaar het nie, en ook nie aan ons sál openbaar nie. Oor die algemeen openbaar God nie wat daar in die toekoms in ons lewens gaan gebeur nie. Maar ons hoef nie die toekoms te vrees nie, want “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is” (Romeine 8:28). God is soewerein in sy mag, maar ook soewerein in sy liefde!

Alles wat God belangrik ag vir ons om te weet, te doen en te wees, het Hy al deur die profete in die Ou Testament, deur Jesus Christus en deur die apostels in die Nuwe Testament geopenbaar. Deuteronomium 29:29 sê: “Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet.” God se geopenbaarde wil bestaan uit spesifieke onderrig en algemene onderrig.

5. Leer om raad te gee.

Onderrig. Raad gee beteken om 'n ander te help om meer feite te versamel wat hom sal help om sy eie besluit te neem.

Help dus die ander persoon om die waarheid en beginsels in die Bybel aangaande die onderwerp wat ter sprake is, te ontdek en te begryp. Help hom om te onderskei watter sake regtig belangrik is vir sy besluit. Help hom om die gevolge van sy uiteindelige besluit vir A of B goed te oordink. “As jy kies vir A, wat is dan die gevolge? En as jy vir B kies, wat is dan die gevolge?”

Raad gee beteken nie om hom te vertel wat jy in dergelike omstandighede sou gedoen het nie. Moet nooit sê: “Ek sou dit of dat doen” nie. Omdat jy 'n leier is, sal hy geneig wees om jou keuse of advies/raad te volg. Jou keuse is nie noodwendig God se keuse vir hom nie! En jou besluit is nie noodwendig die besluit waarvan God hou nie. Die ander persoon moet 100% verantwoordelikheid vir sy eie keuses en besluite aanvaar en ook 100% die verantwoordelikheid vir die gevolge van sy keuses en besluite dra. Anders sal hy jou maklik die skuld gee vir 'n ‘verkeerde advies’ as dinge verkeerd uitwerk.

Raad gee beteken dat jy hom verantwoordelik hou vir sy eie keuses en besluite en aanvaar dat God die laaste sê het oor hoe Hy die ander persoon lei. Jou verantwoordelikheid is slegs om hom te help om die feite, die waarhede en die gevolge goed te deurdink en sy verantwoordelikheid is om die keuse te maak of die besluit te neem en die gevolge daarvan te dra! Selfs al maak hy 'n keuse of neem 'n besluit wat anders is as wat jy sou gedoen het, moet jy hom bly aanvaar as 'n broer wat onder God se gesag leef.
